**24 Julie**

## Leef soos God die huwelik bedoel het

**Skrifgedeelte: Spreuke 5:1-14**
**Fokusgedeelte: Spreuke 5:5; Eksodus 20:14**

Om so te trou dat dit God se goedkeuring wegdra, is meer as wat enige mens op sy eie kan regkry. Dit is ’n besluit wat liewer nie met liggaamlike sintuie gemaak moet word nie. Hierteen waarsku die Spreukeskrywer sy seun. ’n Vrou wat gekies word omdat sy jou betower met verleidelike kurwes en heuningkwas sêgoed, los ’n bitter smaak in die mond.

Ongelukkig is die gevolge van so ’n liggaamlike besluit nog meer ernstig as net die smaak – dit bedreig jou lewe. Dit is dan dat jy nie meer die dae van jou lewe onder die son geniet omdat God dit gee nie, maar omdat die sondetjies so lekker is. Liefde wat op begeerte en verleiding gebou is, is soos ’n skerp swaard teen jou keel. Dit dreig om die ware lewe saam met God van jou weg te neem.

’n Huwelik wat nie God se goedkeuring wegdra nie, is ’n afdraande pad na die graf. Dit sluit in huwelike tussen persone van dieselfde geslag en die huwelik tussen ’n man en vrou wat nie streef om heilig saam te leef nie. Hoe maklik het dit nie vir ons mense geword om te skei nie? Ja, ons kan baie verskonings uitdink, maar dikwels is dit omdat ons geval het vir die heuningkwas tong en begeerlike lyfie.

Kom ons waarsku ons kinders soos die Spreukeskrywer, meer nog, kom ons wys hulle uit ons eie lewens hoe God die huwelik bedoel het!

*Sing: Psalm 1:1 (enige beryming)* *Ds. Henning Venter (Bellville-Oos)*